**Huiswerkvel 10 (hoofstuk 5)**
**Ontleed ’n gedig**

*Pad (Wessel Theron)*

1. teerpad…

2. ’n verlate en vergete dorpie in die middel van êrens
3. onbeantwoorde eggo’s
4. beweeglose son
5. swygend

6. een teerpad ...

7. ’n kerktoring loer     oor     die koppe van huisies en in die
8. doere lê oop hemele,
9. deursigtig en oneindig

10. die dag is reeds dik geklits en ’n rooi horison verlig die
11. teenwoordige wêreld
12. tot ’n dowwe en onheilspellende skemer
13. die melkweg kyk my stip.

14. Sandpad ...

15. verwaarlose donkies trek hulself ongemotiveerd voort
16. Namas groet beleef
17. noord van die teerpad lê die vlaktes en
18. vaal bossies
19. daar is niks nie, maar ek het nog nooit so baie gesien nie.

20. Klippad ...

21. die klippad lei my na die veld waar die droogte met ’n ysterhand regeer.

22. hier loop ek nou

23. hier het ek geloop

24. hier weet mens God bestaan

**Vrae:**

1. Waar is die dorpie volgens strofe een? (1)
2. Gee twee voorbeelde van personifikasie in die gedig. (2)
3. Hoekom is die alleenplasing van die woord “oor” in reël 7 so effektief? (2)
4. Watter tyd van die dag is “skemer”? (1)
5. Haal EEN word aan wat aandui dat die mense van die dorp vriendelik is? (1)
6. Hoekom word die woord “hier” herhaal? (1)